Maandag
1 Samuel 14. Teks 1 Samuel 14: 6. Teks "Kom ons gaan oor na die garnisoen van die onbesnedenes. Miskien help die Here ons want daar is vir die Here geen beperking om deur baie of min te verlos nie." Tema God gee ons die geloofsdurf om te doen wat voorhande is. Herdenk ons Geloftedag tot eer van God met die geloofsdurf van Jonathan of met die bygeloof en wraaksug van Saul? Dit is die verskil in geloof en optrede tussen Jonathan en sy pa die koning Saul. Jonathan tree uit sy geloof in God se beskikking met geloofsdurf op maar sy pa is of passief of fanaties in sy bygeloof en wraaksug. Saul sit en wag! Jonathan soek 'n geleentheid! Hy neem sy taak en plig op teenoor die Here. Saul sit en wag vir vaste goddelike versekering van 'n oplossing vir die hele oorlog en al die konflik met die Filistyne. Jonathan gaan soek en sien 'n geleentheid en vat die geleentheid met geloofsdurf. Wat is die geleentheid? Hy het sy wapendraer gevat, net hulle twee het die posisies van die Filistyne gaan verken vir 'n geleentheid. Dit terwyl Saul as koning en sy weermag teenoor die weermag van die Filistyne opgestel was. Jonathan het toe op 'n wagpos van die Filistyne afgekom, in ons taal 'n peloton van 30 man. Hulle is nou 30 teen 2, maar eintlik 1 want Jonathan is die vegter en die ander een is sy wapendraer. Sommer net vir interessantheid die verhouding van Voortrekker en Zulu by Bloedrivier was ongeveer 12, 000 teen 40, dit is 30 teen 1. Wat sien Jonathan in hierdie konfrontasie van 30 teen 1? Deur sy geloof in die Here sien hy 'n geleentheid dat God oorwinning kan gee. Só ken Jonathan die Here as die Here wat slawe onder die magtigste koning van die wêreld in sy tyd, die Farao, verlos het, Israel met oorwinnings in die beloofde land ingelei het en aan Israel oorwinnings en nederlae gegee het in die Rigtertyd. In hierdie geloof sien hy hierdie geleentheid "miskien help God" want God verlos nie deur getalsterktes nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag
1 Samuel 14. Teks 1 Samuel 14: 6. Tema God gee ons die geloofsdurf om te doen wat voorhande is. Met die geloof in sy hart "miskien help God ons" sien Jonathan 'n geleentheid om 30 teen 2 'n militêre geveg te kan wen en neem hy dit in die geloof dat die uitkoms is in God se beskikking. Jonathan is nie brutaal roekeloos nie. Hy sien 'n geleentheid in die rotsagtige bergpasse tussen bergspitse. (1 Sam.14:5,6) Hy is as Israeliet geoefen om te veg in bergagtige terrein terwyl die filistyne gewoond is aan oop vlaktes met perde en strydwaens. Dit is 'n gevegsituasie net soos met die pas van Thermopolye waar 300 Grieke die hele Persiese weermag se inval in Griekeland gestuit het. Hy vat die inisiatief om die geveg te begin deur homself aan sy vyand te vertoon. Die teken wat hy soek by die Here is totaal iets anders as die teken wat sy pa Saul soek. Hy soek 'n teken in sy vyand se bravade, nie in godsdienstige rituele nie, en ook nie of hy moet veg of nie. (14: 18) Hy neem die inisiatief vir die geveg of dit op oop terrein is sou die filistyne na hulle afkom of in die passe sou hulle hulle uitdaag om op te gaan na die filistyne toe. Die belydenis "miskien sal God help" is nie twyfel aan God nie. Jonathan leef uit die geloof dat God se wil sal geskied tot sy beswil of hy gaan wen of doodgaan. Hy tree op in vaste geloofsdurf omdat hy in sy geloof die geleentheid sien, kan hy doen wat 'n as soldaat moet doen – om te veg. Wat doen sy pa Saul? Hy het die priesters uit die geslag van Eli by hom om aan hom godsuitsprake te gee, binne die bygeloof van hierdie priesterhuis. Saul wag vir só 'n godsdroom, godsplan of goddelike ingryping vir totale konflik. Wat doen God? Hy gee nie vir Saul 'n godsdroom of plan nie, maar help Jonathan wat die geleentheid gesien en aangegryp het vir sy diensplig. God se hulp

en nie getalsterkte gee die uitkoms. Andries Pretorius het in die oop vlaktes tussen 'n rivier en sloot die geleentheid gesien dat met 'n versterkte laer hulle die vyand kan verslaan, en 400 manne het God vertrou om hulle te help, sonder godsdrome en godsplanne. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
1 Samuel 14. Teks 1 Samuel 14: 6. Tema God gee ons die geloofsdurf om te doen wat voorhande is. Wat doen God wanneer Jonathan die geleentheid wat hy in die geloof raaksien, aangryp? God skep algehele paniek onder die Filistyne deur Jonathan se aanval op een wagpos: "Die land het gesidder; dit was 'n vrees wat van God kom." (14:15) Die 10 wagte wat oorleef en vir Jonathan gevlug het, het nie die Filistynse kamp kom vertel dat een soldaat en sy wapendraer hulle verslaan het nie. Hulle sou hul vernedering met 'n storie van 'n reuse oormag probeer verduister het. Die berig van 'n oormag uit die heuwels het paniek gesaai want dit sou beteken hulle is omsingel. In hulle paniek en die verwarring wie van hulle is soldate en wie is stroper bendes (14:15) het hulle mekaar begin beveg: " onder die Filistyne was daar volslae verwarring: Elkeen se swaard was teen sy makker gerig." (14:20) God skep paniek en verwarring en só verlos God, nie Jonathan met sy geloofsdurf of Saul met 'n goddelike droom, plan, missie of visie nie. Israel van die oormag Filistyne. (14:23) Dit erken die weermag van Israel met die woorde: "Want met God se hulp het hy (Jonathan) dit vandag gedoen. (14: 45) Wat doen Saul in hierdie paniek en verwarring wat God onder die vyand skep? Hy probeer eers weer deur die ark van God 'n goddelike plan, droom, missie of visie kry, maar word meegesleur in die groot dade van God op so wyse dat hy doodeenvoudig net tot die aanval moet oorgaan. (14:18,19) Daarna maak hy van die verlossing wat God gegee het uit die mag van die vyand sy persoonlike wraakveldtog: "Vervloek is die man wat iets eet voor vanaand voordat  ek my op my vyande gewreek het." (14: 24) Van Jonathan se geloofsdaad "Miskien help die Here ons" en God se hulp, maak Saul sy persoonlike wraakveldtog in die Naam van God met godsdienstige seremonies. Só maak Saul die eer van God vir sy verlossende beskikking en uitkoms, die vrees vir die wraak van Saul. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
1 Samuel 14. Teks 1 Samuel 14: 6. Tema God gee ons die geloofsdurf om te doen wat voorhande is. Saul maak van God se verlossing uit die mag van sy vyande sy persoonlike wraakveldtog op sy vyande. Om te vas was 'n seremonie waarin gelowiges hulle toewyding aan God gevier het. Saul eis vas aan God op as algehele oorgawe aan sy wraaksug. (14:24) en verswak so die kragte van sy soldate vir hulle hakkejag-operasie. 'n Eed teenoor God gaan oor getroue diensbaarheid maar Saul maak dit getrouheid aan sy wraaksug waardeur hy sy wraaksug as God se vervloeking kan wreek op die soldate wat nie sy wraaksug gedienstig is nie. Sy eie ontrouheid teenoor God. om God nie te eer vir die verlossing wat God deur Jonathan se diensplig bewerk het nie, hou hy as getrouheid aan God voor deur ingesteld te wees daarop dat sy troepe rituele rein vleis eet en hulle van ontrouheid teenoor God te beskuldig omdat hul uitgehonger deur sy bose eedswering nie die rituele reinigingswette nakom nie. (14: 33 -35)  Hy regverdig sy wraaksug en die vrees wat hy deur sy wraaksug in sy troepe wil inboesem deur sy seun te wil doodmaak asof dit sy getroue gehoorsaamheid aan God sou wees. (14:44) Saul het hierdie rituele godsdiens ook gebruik in sy oorlog teen die Amalekiete (1 Sam. 15) om God ongehoorsaam te wees asof sy ongehoorsaamheid ter wille van offers aan God is.

Samuel som Saul se wraak in God se Naam deur rituele geestelikheid só op: "Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as maaltydoffers, om te luister beter as die vet van ramme. Ja, opstandigheid is soos die sonde van waarsêery en eiesinnigheid soos die euwel van huisgode." (1 Sam. 15: 22,23)  Samuel maak deur sy wraaksug in God se Naam van God se verlossing niks anders as net waarsêery en van God net nog 'n afgod, 'n persoonlike huisgod. Wat is die Gelofte en Geloftefees vir ons? Die eer aan God dat ons wanneer 'n geleentheid sien ons God ons sal dien in die geloof Hy is ons hulp of is dit ons wraaksug op hulle van wie se mag God ons verlos het? Gee ons God die eer of vier ons 'n seremoniële wraakfees om vrees in te boesem by ons vyande en ons seuns? Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
1 Samuel 14. Teks 1 Samuel 14: 6. Tema God gee ons die geloofsdurf om te doen wat voorhande is. Die Gelofte by Bloedrivier is in die geloof van Jonathan afgelê: "Miskien help die Here ons, want daar is vir die Here geen beperking om deur baie of deur min te verlos nie." (14:6) met die woorde in die Gelofte: "as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand gee." Die Gelofte eer God vir sy raadsplan waarin Hy sy wil en nie hulle wens sal beskik nie – met die eerbied "as Hy." Hierdie bewoording "as Hy" is inhoudelike dieselfde geloof van Jonathan – "miskien help die Here ons". En deur hierdie klein geloofsdaad van die Voortrekkers het God ook 'n verlossing bewerk wat anders en groter was as die geleentheid wat hulle vir 'n strafekspedisie gesien en aan gegryp het. Hierdie slag het die Here gebruik om 'n einde te maak aan die uitwissingsoorloë van die Zulu's in Suider Afrika - dit wat in die geskiedenis die Difaqane genoem word. Dit het Suid- Afrika oopgemaak vir die strewe van die Voortrekkers om 'n vrye volk binne 'n republiek in Afrika te wees, weg van die imperiale oorheersing van die Europese moondheid – Engeland. Geloftefees was nooit bedoel as wraakfees in die Naam van God waar vyand en seuns aan vrees onderwerp word nie. Dit is verwoord, bedoel, afgelê en gevier in die woorde "want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee." Nie die roem van hulle godsdroom, godsvisie, godsmissie of hulle goddelike wysheid, krag en mag wat God hulle sou gegee het nie. Dit is die verwronge geestelikheid van "nuwe" geestelike leiers vir die Afrikaanse gemeenskap – hulle is nou die "huis van Eli" se priesters (14:3) wat die godsdrome, godsvisies en missies ken waarop die Afikaanse gemeenskap nou moet sit en wag vir die konflik in Suid Afrika. Dit terwyl die Here Jesus die Here is wie gelowiges help wat in die geloof hulle diens en plig raaksien binne die oorweldigende bedreiging van 30 teen 1. Ons vier daarom vandag nog Geloftedag om nog steeds om aan God die eer te gee dat Hy ons "miskien sal help". Ons is nie die draers van geestelikes se selfverheerlikende Afrika-drome in God se Naam nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra
1 Samuel 14. Teks 1 Samuel 14: 6. Tema God gee ons die geloofsdurf om te doen wat voorhande is. Hierdie geloofsdurf van Jonathan is nie net militêr nie. Dit raak ons hele lewe met al sy uitdagings in Suid Afrika. Dit is die geloofsdurf waarmee ons hier in Levubu boer en leef. Teen die magsdrif van die staat en 'n grypsugtige gemeenskap! Wat sien ons in die geloof? Ons sien 'n geleentheid om te boer, te produseer en 'n lewe te maak waar ander sit en wag. Oorweldig deur die getalle 30 teen 1. Ons sien ons geleenthede in hierdie omstandighede deur ons geloof in die

Here wat ons miskien sal help as ons hierdie geleentheid sal aangryp. En hierin is ons deel van die geloof van die Gelofte! Ons wag nie vir die groot plan van die regering, grondgrypers of die droom, missie en visie van God wat geestelikes droom nie. Ons sit nie en wag nie. Ons sien die geleentheid om God te dien en gryp dit aan. Al is dit 30 teen 1. En terwyl ons ons plig vir ‘n geleentheid opneem is dit in God se hande om ons te verlos uit die mag van ons vyande op so 'n wyse dat Hy hierdie hele waansinnige grypsug met al die mags- en geestelike drome wat gedroom word uitmekaar sal verdryf en hulle hulself sal aanval en vernietig soos die Here die Filistyne in hulle eie verwarring vernietig het. Dit is hoe God sy kinders uit die mag van hul vyande verlos: “want daar is vir die Here geen beperking om deur baie of min te verlos nie.” Dit is hoe God God is in ‘n wêreld van plunder- en roof bendes, vanuit regerings- en finansiële kantore, polisiestasies, howe, eie arbeiders, werklose massas en kriminele organisasies. In hierdie geloofsekerheid oor hoe God God is, kan ons uit ons geloof geleenthede van diens en werk raaksien en dit uit ons geloof dat God nie getalsterktes vir sy raadsplan vir ons nodig het nie, aangryp. Hoe God dit gebruik om ons uit die mag van ons vyande as ‘n magsdaad van God te verlos, is nie in ons beplanning, bestuur, beskikking, ideale of drome nie: “Die Here het Israel daardie dag verlos (1 Sam. 14: 23) Daarom gee ons hiervoor aan God die eer. Ons leef elke dag die geloof waarin die Gelofte afgelê was wat ons met Geloftedag in herinnering bring. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus